



Hoërskool Swartland

(022) 482 1469

admin@swartlandhs.co.za

www.swartlandhs.co.za


Posbus 253, Malmesbury, 7299

Hoërskool Swartland

Beheerliggaam

Sportbeleid

Opgestel deur Beheerliggaam



H Bothma
Voorsitter



AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 17/06/2026

A. Doelstelling

HSS volg 'n holistiese benadering om elke leerder tot sy volle potensiaal te ontwikkel om sy/haar regmatige plek in die samelewing te kan vol staan en sodoende 'n positiewe bydrae tot enige gemeenskap te kan maak. Deur die beoefening van 'n verskeidenheid sportaktiwiteite word die leerder die geleentheid gebied om op fisiese, sosiale en emosionele vlak te ontwikkel.

Onder die emosionele aspek word verstaan – selfbeheersing, selfdisipline, stabiliteit, sportmangees, temperament, geduld en verdraagsaamheid.

Die sosiale aspek behels samewerking, leierskap, goeie verhoudinge, aanvaarding, spanwerk, gehoorsaamheid en getrouheid.

Die fisiese aspek behels fiksheid, 'n gesonde lewenshouding en gewoontes, vryetydsbesteding, liefde vir sport en gesonde ontspanning.

- Leerders moet aangemoedig word om aan ten minste een somer- en een wintersport deel te neem.
- Veelsydigheid moet aangemoedig word. In dié verband moet verskillende sportsoorte en kultuuraktiwiteite mekaar akkommodeer. Afrigters moet mekaar hier tegemoet kom en dit mag nie teen 'n speler gehou word nie.
- Onderwysers/afrigters moet te alle tye die voorbeeld stel deur te let op hul kleredrag, stiptelikheid, optrede, selfbeheersing, regverdigheid en billikheid.
- Alle sportkodes word eenvormig hanteer.
- Die winterprogram sluit af met Interskole. Slegs wedstryde wat vooraf geskeduleer is, sal verder afgehandel word.
- Uitslae van wedstryde moet deur die kode-organiseerder van elke sport vir publikasie deurgegee word.
- Daar sal slegs in hoogs uitsonderlike gevalle van hierdie beleid afgewyk word. Enige wysigings aan hierdie beleid moet deur die beheerliggaam aangebring en goedgekeur word.
- Ouers moet te alle tye volgens die skool se ouergedragskode optree. (Sien Afd. T)

B. Kleredrag en algemene voorkoms

1. Spelers mag slegs in die voorgeskrewe sportdrag van die skool deelneem.
2. Eerstespanlede mag die dag waarop 'n wedstryd in die week gespeel word en Vrydae voor 'n naweekwedstryd tydens skoolure hulle gestandaardiseerde geborgde baadjies dra.

3. Voor en na wedstryde dra spelers hul amptelike skooldrag / skoolsweetpak / somersportdrag / goedgekeurde spandrag (by eerstespanne).
4. Die gebruik van amptelike sportsak(ke) / geborgde sportsakke is 'n vereiste en moet aangemoedig word.
5. Spelers moet te alle tye, op en van die veld, netjies voorkom. Die amptelike skoolreëls ten opsigte van voorkoms bly van toepassing.
6. Dit is die verantwoordelikheid van die afrigter om toe te sien dat sy spelers aan bogenoemde vereistes voldoen.
7. Toeskouers (leerders) woon alle sportgeleenthede en tydens sportdae waarby die hele skool betrokke is, in skooldrag by, tensy ander reëlins vooraf getref word.
8. Alle wysigings van span- of uitstapdrag is jaarliks onderworpe aan die goedkeuring van die klerekomitee.
9. Met Interskole is skooldrag vir alle spanne verpligtend. Geen spesiale drag word toegelaat nie.
10. Nadat die reserwe vir die eerstespan opgetree het, moet hy/sy onmiddellik verkleë om by die res van sy/haar span in te skakel, wat later in die dag speel, waar van toepassing.
11. Kleredrag by oefening: die afrigter is verantwoordelik dat spelers in korrekte klere kom oefen. Korrekte, netjiese en skoon sportklere is 'n vereiste. Leerders wat onvanpaste oefendrag aan het, word NIE by die oefening toegelaat nie. Waar dit van spelers verwag word om beskermde toerusting byvoorbeeld mondstukke en kopskerms te dra, moet dit te alle tye gedoen word.
12. Die afrigters moet tydens afrigtingsessies in toepaslike sportklere geklee wees en moet tydens wedstryde paslik geklee wees in klere wat die skool se naam uitdra en bou.

C. Optrede op die veld / baan

1. Geen speler / atleet mag deur sy/haar optrede die skool se naam in onguns bring nie.
2. Goeie sportmanskap moet seëvier.
3. Spelers en afrigters moet die beslissings van die skeidsregter aanvaar.
4. Na afhandeling van die wedstryd moet die skeidsregter en opponente bedank word.
5. In geval van swak gedrag / vuilspel, moet dit na die skool se tugkomitee vir optrede verwys word. (Sien Afd. I punt 4)

D. Afrigting

1. Afrigters (intern) word deur die skoolhoof in samewerking met die sportorganiseerder en bestuurspan van die skool aangestel.
2. Hulpafrigters (buite) kan na behoefte aangestel word. Dié afrigters moet bevoeg wees vir hul taak en mag vergoed word uit die sportbegroting. Alle reëls wat vir onderwysers geld, is ook van toepassing op hulpafrigters.
3. Kundige buite-afrigters moet waar moontlik vroegtydig genader word. Dit is verkieslik dat in gevalle waar buite-afrigters gebruik word 'n personeellid as mentor vir die span optree.
4. Afrigtingssessies geskied op tye en velde soos vooraf deur die skoolhoof en bestuurspan, in samewerking met die sportorganiseerder, bepaal.
5. Addisionele oefensessies kan in uitsonderlike gevalle gereël word, mits dit nie met ander sportsoorte, spanoefeninge of kultuuraktiwiteite bots nie.
6. Vir die amptelike sportseisoen geld die volgende: Die somersportprogram begin amptelik vanaf September en die winterprogram aan die begin van Maart. Afhangende van omstandighede sal kondisionering oefentye intern vasgestel word. Belangrik: die huidige seisoensport sal voorkeur geniet en geen leerder wat nie aan buite-seisoenproewe kan deelneem nie, mag benadeel word nie.
7. Tydens afrigting moet die volgende beklemtoon word: goeie dissipline (wat ook stiptelikheid insluit); goeie voorbereiding en beplanning van oefensessies; fiksheid.
8. Daar word van spelers verwag om oefeninge stiptelik by te woon en daar moet opgetree word indien 'n speler sonder verskoning van 'n oefening wegbly. Sonder 'n geldige bewys van afwesigheid by die skool op 'n Vrydag sal 'n leerder nie toegelaat word om Saterdag aan wedstryde deel te neem nie.
9. Geen afrigtingssessie mag gekanselleer word sonder die kennisname van die sportorganiseerder of sportsameroeper nie. Dit moet in hoogs uitsonderlike gevalle gebeur.
10. Indien 'n speler professionele afrigting ontvang, moet hy/sy steeds alle spanoefeninge bywoon, alvorens hy/sy oorweeg kan word vir insluiting in spankeuse vir die naweek se wedstryde.
11. Waar die afrigtingstye van 'n speler, betrokke by meer as een sport bots, moet afrigters tegemoetkomend optree.
12. Daar moet te alle tye goeie kommunikasie met buite-afrigters wees. Hulle moet deeglik ingelig wees.

E. Die rol van die afrigter is om

- op hoogte van vernuwing in die sportkode te bly deur kursusse by te woon en navorsing te doen oor afrigtingsmetodes.

- goed voorbereid by afrigtingsessies op te daag.
- toe te sien dat goeie dissipline in plek is.
- na sy/haar spelers se gedrag, voorkoms en drag omsien.
- te sorg dat beseerde spelers mediese sorg ontvang. Verwys na afdeling J.
- aan elke speler die geleentheid te bied om te speel.
- die spelers bewus te maak daarvan dat hulle eiendom deurgaans veilig is.
- wedstryde by te woon of toesien dat 'n geskikte persoon die spelers vergesel.
- sover moontlik te alle tye te hou by die wedstrydbepalings deur self die voorbeeld te stel ten opsigte van gedrag op en langs die veld.
- sover prakties moontlik, sy/haar spelers na proewe te vergesel.
- altyd teenwoordig te wees by amptelike oefeninge tensy anders vooraf gereël.
- onaanvaarbare gedrag van ouers langs die sportveld by die skoolhoof aan te meld.
- Die afrigters moet in toepaslike sportklere tydens afrigtingsessies geklee wees, en moet tydens wedstryde paslik geklee wees in kleren wat die skool se naam uitdra en bou.

F. Keuse van leiers

1. Spelers moet sover moontlik inspraak hê in die aanwys van hul leiers.
2. Gee verskillende spelers, aanvanklik, die geleentheid om leiding te neem in wedstryde.
3. Leiers moet begelei word. Die skool sal poog om begeleiding d.m.v. leierskapseminare te skep.
4. In senior groepe kan 'n kaptein geken word in spankeuses.
5. Van 'n kaptein word verwag om respek op en van die veld of baan af te dwing, altyd positief te wees, nie verkleinerend teenoor sy spanmaats op te tree nie, 'n goeie motiveerder te wees, verantwoordelikheid te neem, die afrigter op hoogte te hou van die welstand van beseerdes of siektes, inligting deur te gee na spanlede, mede-verantwoordelikheid te aanvaar vir sy span se drag en gedrag, die skeidsregter voor die tyd te ontmoet en te verwelkom, sy opponente voor die tyd te verwelkom, die skeidsregter se beslissings te aanvaar, na die afhandeling van die wedstryd sy opponente en die skeidsregter te bedank.

G. Keuse van spanne

1. Spanne word na afhandeling van die proewe deur die afrigters/keurkomitee gekies en bestaan uit die aantal voorgeskrewe spelers.
2. Geen span word vir die hele seisoen gefinaliseer nie. Elke speler moet die geleentheid kry om hom-/haarself na hoër spanne te kan bevorder.
3. Geen speler wat nie aan die laaste oefening deelneem of bywoon nie, kan opgeneem word in 'n span nie, tensy hy/sy ander amptelike skoolverpligtinge gehad het.
4. Spanne vir Interskole moet alreeds by die voorafgaande wedstryd gefinaliseer word, behalwe in die geval van beserings.

5. Afrigters / keurders hoef nie hul spankeuse aan buite-persone of ouers te regverdig of te motiveer nie.
6. Daar mag nie teen spelers gediskrimineer word wat nog betrokke is by die huidige seisoen wanneer die proewe in die volgende seisoen se sportsoort plaasvind nie.
7. Spanne word op meriete gekies.
8. Voer 'n gesprek met 'n speler wanneer hy/sy vervang word, sodat hy/sy aan sy/haar tekortkominge kan werk.
9. 'n Speler wat afskuif, moet in die volgende span geakkommodeer word.
10. 'n Speler wat sonder verskoning van oefeninge wegbly kan uit die span uitgelaat word.
11. Spelers wat die meeste wedstryde in die seisoen in 'n posisie gespeel het, is geregtig op die span se drag, sakke, ens.
12. Waar 'n ranglys ter sprake is (tennis) moet spelers die geleentheid kry om mekaar uit te daag – tot twee posisies hoër. Die uitspeel moet binne sewe dae geskied.
13. 'n Speler wat om die een of ander rede nie kan deelneem nie, moet uit 'n laer span vervang word. In so 'n geval word spanne volgens die rangorde aangevul. (Geen speler mag dus twee wedstryde speel indien 'n ander een beskikbaar is nie).

H. Vervoer

1. Spelers reis per bus / saam met hul ouers / ander persone (met die goedkeuring van hul ouers), na wedstryde. Die afrigter moet op hoogte wees van watter spelers van privaatvervoer gebruik maak.
2. 'n Speler wat per bus gery het, keer op dieselfde bus terug. 'n Leerder sal slegs toegelaat word om saam met sy ouers of 'n persoon deur die ouer aangewys, terug te keer. Dit moet egter vooraf tussen die onderwyser op busdiens en die ouer gereël word.
3. Leerders wat van huur- of skoolbusse se vervoer gebruik maak moet vooraf hul kaartjies by die finanskantoor koop.
4. Op elke bus sal 'n onderwyser/afrigter op toesigdiens wees. Hierdie persoon is verantwoordelik vir al die spelers / toeskouers op die bus en moet toesien dat almal daar is; let op die gedrag en voorkoms van leerders.
5. Vervoer sal tot met die eerste rondte proewe deur die skool verskaf word.
6. Alle busbestuurders moet oor 'n openbare bestuurspermit beskik.
7. Opvoeders wat die bus bestuur, sal vergoed word.

8. Ritmagtigings moet vroegtydig deur die sportkantoor voltooi word.

I. Optrede na wangedrag of vuilspel

1. Die afrigter moet die skoolhoof en sportorganiseerder so spoedig moontlik verwittig.
2. Die afrigter moet hom/haar presies vergewis van die feite en omstandighede deur die skeidsregter na die tyd om 'n verduideliking van sy optrede te vra.
3. Die aangeleentheid moet die eerste dag daarna deur die afrigter na die tugkomitee verwys word.
4. Die tugkomitee bestaan uit die skoolhoof, die sportorganiseerder en die kode-organiseerder en die betrokke afrigter.
5. 'n Afrigter het die reg om 'n speler wie se optrede die skool se naam tot oneer strek, te vervang. Dié aangeleentheid moet ook na die tugkomitee verwys word.
6. Elke geval word op meriete hanteer.
7. 'n Speler kan na gelang van die erns van die oortreding vir een wedstryd / twee wedstryde / die hele seisoen geskors word.
8. Vir die tydsduur van dié skorsing mag die speler nie oefeninge bywoon nie.
9. Indien nodig, kan 'n speler gewaarsku of 'n opgeskorte vonnis opgelê word.
10. Herhaalde oortredings dien as verswarende omstandighede.

J. Optrede by beserings tydens wedstryde

1. Die afrigter moet toesien dat beseerde spelers vinnig behandeling van die noodhulpspan / die dokter wat diens doen, ontvang.
2. Indien verdere mediese behandeling benodig word, moet dit so spoedig moontlik geskied. 'n Afrigter of ander volwassene moet die beseerde vergesel. Indien 'n ouer teenwoordig is, kan die speler in dié se hande gelaat word.
3. Die afrigter moet die skoolhoof / sportorganiseerder / kodehoof so spoedig moontlik in kennis stel van 'n ernstige besering. Die sportorganiseerder is verantwoordelik om beserings wat tydens oefeninge of wedstryde opgedoen is, aan te teken.
4. Die spanbestuurder of afrigter tref reëlins oor die persoonlike besittings van die beseerde.
5. Geen speler mag toegelaat word om voort te speel sonder die advies van die noodhulpspan/dokter nie.

6. Dit is die afrigter se verantwoordelikheid om die beseerde speler se vordering op te volg.

K. Noodhulp

1. Daar moet altyd goed opgeleide noodhulpspanne, met die nodige apparaat, by georganiseerde sportgeleenthede aan diens wees. Indien dit nie in plek is nie, mag wedstryde nie voortgaan nie. Die noodhulpbeampte van die skool is verantwoordelik vir die reël van Noodhulp by tuiswedstryde.
2. Die personeelid/lede wat noodhulp op sy/haar buitemuurse werksverdeling het, moet kontroleer dat die inhoud van die noodhulptassie altyd volledig is.
3. Indien moontlik, moet 'n dokter vir sportdae aangestel word.
4. 'n Ambulans/noodvoertuig/skoolbussie moet beskikbaar wees om 'n beseerde so spoedig moontlik te vervoer.
5. Noodhulppersoneel en afrigters moet op hoogte wees van onmiddellike optrede in geval van 'n ernstige nek- en rugbesering.
6. Leerders en afrigters moet aangemoedig word om noodhulpkursusse by te woon.

L. Skeidsregters, lynregters en tellinghouers

1. Skeidsregters word deur die sportorganiseerder / kode-organiseerder aangestel.
2. Skeidsregters moet op hoogte wees van die reëls. Met die oog hierop behoort reëlbesprekings gereël te word.
3. Daar moet gepoog word om sover moontlik neutrale skeidsregters vir die A-spanne aan te stel.
4. In die geval van O/19A-rugby word skeidsregters van die merietelys van Boland Rugby-unie gebruik.
5. **Interskolereëlins: Sien Interskolebeleid.**
6. Volwassenes / skeidsregters / onderwysers moet as lynregters optree.
7. By alle rugbyspanne moet skeidsregters / afrigters met BOKSMART agtergrond as lynregters gebruik word.
8. By krieket mag leerders as skeidsregters en tellinghouers gebruik word, mits hulle die toepaslike kwalifikasie of gradering het.

M. Sportdeelname van buite

1. Leerders wat te oud is (bo-ouderdom) om in die laerskool aan 'n sportsoort deel te neem, kan aansoek doen om by die hoërskool in te skakel.
2. Geen onder-ouderdom leerders sal by hoërskoolsport aanvaar word nie.
3. Vir buite-leerders soos in 1 hierbo, geld die volgende:
 - 3.1 'n Aansoekvorm en vrywaringsvorm wat by die skoolhoof beskikbaar is, moet ingevul word om aansoek te doen vir die spesifieke sportdeelname;
 - 3.2 Die goedkeuring tot 'n sportsoort(e) waarborg NIE dat die kind in die daaropvolgende jaar of enige jaar outomaties tot Hoërskool Swartland goedgekeur en toegelaat sal word nie. Die volledige aansoek vir skooltoelating moet steeds voltooi en ingehandig word;
 - 3.3 Leerders moet steeds kwalifiseer vir toelating volgens die skool se toelatingsbeleid en is aan 'n keuringsproses onderworpe;
 - 3.4 Hierdie buite leerders hoef nie noodwendig tot 'n A-span toegelaat te word nie, hulle kan ook in 'n ander span opgeneem word;
 - 3.5 Hierdie spelers onderneem om hulle by die gedragskode en reëls van Hoërskool Swartland neer te lê en te alle tye die korrekte kleredrag aan te hê. Dit bly die verantwoordelikheid van die afrigter om toe te sien dat hierdie riglyne nagekom word.
 - 3.6 Koste verbonde: 'n Buite leerder mag gevra word om 'n deposito te betaal as hy/sy begin deelneem. As hy/sy toegelaat word tot Hoërskool Swartland, word die deposito as deel van skoolfonds verreken. Indien die kind egter nie toegelaat word nie, of enigsins aansoek doen vir toelating nie, word daardie deposito verbeur. Die finansiële komitee, in samewerking met die bestuurspan, sal jaarliks oor die kostes hieraan verbonde besluit.
 - 3.7 Ouerbetrokkenheid van hierdie leerders se ouers sal sterk deur die skoolhoof en afrigters gepromoveer word.
 - 3.8 Tuisonderrigleerders sal toegelaat word om by HSS deel te neem op die volgende voorwaardes:
 - 3.8.1 'n Leerder wat deelneem, betaal 'n sekere vasgestelde fooi per kwartaal of jaar wat deur die Finansiële komitee van HSS bepaal sal word, ongeag die aantal sportsoorte waaraan die leerder deelneem;
 - 3.8.2 Hierdie leerders het ook 'n geregistreerde nommer soos die WKOD se CEMIS-nommer wat by verdere deelname vereis word;
 - 3.8.3 Tydens 'n sportdag, dra hierdie leerders die korrekte sport-, wedstryd-, of skooldrag soos die HSS-leerders;
 - 3.8.4 Hierdie leerders val onder HSS-leerders se gedragskode. Indien dit oortree word, sal skriftelike waarskuwings uitgereik word wat 'n effek op verdere deelname sal hê.
 - 3.8.5 Hierdie leerders se ouers moet ook die vrywaringsvorm soos HSS-leerders onderteken;

- 3.8.6 Hoërskool Swartland sal geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige leerder se besering(s) of mediese onkoste daaraan verbonde nie;
- 3.8.7 Indien 'n tuisskoolleerder 'n skriftelike waarskuwing vir 'n oortreding kry, sal geen terugbetaling van gelde gemaak word nie;
- 3.8.8 Indien 'n tuisskoolleerder 'n besering opdoen en nie meer kan deelneem nie, sal daar ook geen gelde terugbetaal word nie;
- 3.8.9 'n Leerder van buite sal 'n onderhoud of keuringsproses, saam met die Sport & kultuurkomitee lede en die skoolhoof ondergaan;
- 3.8.10 Ouers van hierdie leerders mag op ander gebiede aan die skool bydraes lewer;
- 3.8.11 Afrigters en spanbestuurders sal ouernavrae, veral spankeuses, hanteer.

N. Hantering van sportapparaat

- 1. Elke afrigter neem volle verantwoordelikheid vir die gebruik van apparaat.
- 2. Aangesien apparaat baie duur is, moet dit met sorg hanteer word.
- 3. Die afrigter moet apparaat wat herstelwerk benodig, rapporteer.
- 4. Die sportorganiseerder, in samewerking met die verskillende kode-organiseerders, begroot jaarliks vir die aankoop van sporttoerusting.
- 5. 'n Leerder / afrigter kan finansiële verantwoordelik gehou word wanneer sporttoerusting in sy besit of sorg beskadig of verlore raak.

O. Fasiliteite

- 1. Die sportorganiseerder / terreinbestuurder en of sy gedelegeerde neem verantwoordelikheid vir die oop- en toesluit van die fasiliteite, die netheid van die kleedkamers, toiletpapier en die reëlins met die snoepie.
- 2. Die sportkode organiseerder moet toesien dat die fasiliteite en sporttoerusting in 'n goeie toestand is en ook daarvoor begroot.
- 3. Die sportkode-organiseerder is verantwoordelik vir die hou van inventaris.

P. Deelname aan proewe en oefenkampe

- 1. Spelers word deur die kode-organiseerder / afrigters genomineer vir die eerste rondte proewe.
- 2. Vervoer word slegs vir die eerste rondte proewe deur die skool verskaf; daarna is ouers self vir die vervoer van spelers verantwoordelik.
- 3. Spelers is self verantwoordelik vir hul vervoer na oefenkampe/-groepe.

Q. Oorsese toere

Algemeen

1. Die lewensvatbaarheid van die toer moet bepaal word voor enige kommunikasie plaasvind.
2. Toere kan slegs in vakansies plaasvind – sien WKOD-beleid.
3. Die agentskap moet 'n bewese profiel van suksesvolle toere hê.
4. Prestasies van 'n span is 'n faktor, maar opvoedkundige aspekte sowel as die geleenthede vir leerders is ook faktore.
5. Aansoeke vir toere word op meriete deur die Beheerliggaam hanteer.
6. Toerreëls sal vir alle betrokkenes geld (ook ouers en personeel).

Finansies

1. Die afrigter / toerleier se koste is by die toergroep ingesluit. Vir elke tien leerders kan daar een persoon saamgaan.
2. Fondsinsamelings mag nie met die skool s'n bots nie. Die insamelings moet aan die Beheerliggaam voorgelê word.
3. Behoeftige leerders sal na verdienste hanteer word.
4. 'n Volledige begroting moet tydens die aansoek voorgelê word.
5. Die maksimum tydperk vir fondsinsameling is twee jaar.
6. Wisselkoerse moet in ag geneem word.
7. Die integriteit van die persoon wat met die finansies werk, moet bo verdenking wees.
8. Alle geld moet in die skool se rekening inbetaal word. Aparte rekeninge mag nie oopgemaak word nie (sien WKOD-beleid).
9. 'n Deposito van 20% moet binne drie maande na goedkeuring van die toer deur die ouer betaal word.
10. 'n Volledige toerverslag moet aan die einde van elke toer deur die spanbestuurder of afrigter by die kantoor ingehandig word.

Ouers

1. Hulle moet ingelig word t.o.v. koste per leerder.
2. 'n Volledige toerprogram moet tydens die vergadering aan hulle voorgelê word.
3. Vir deursigtigheid moet ouers weet of daar leerders is wat gesubsidieer word.
4. Ouers wat op toer gaan, gaan op eie koste.
5. 'n Vrywaringsvorm moet voltooi word wat die mediese besonderhede en die ouer se kontakbesonderhede van elke spanlid bevat.

Klere

Daar moet met omsigtigheid gekyk word na addisionele drag en die koste daaraan verbonde.

Projekleier

Die projekleier moet kwartaalliks aan die Beheerliggaam verslag doen.

R. Sportdeelname in 'n hoër ouderdomsgroep

Hierdie beleid is van toepassing op enige van die sportkodes wat deur Hoërskool Swartland aangebied word. Leerders wat oor uitstaande sporttalent in 'n spesifieke kode beskik, sal toegelaat word om vir die skool se eerstespanne te speel op voorwaarde dat:

1. Die speler fisies en geestelik sterk genoeg is om die druk te kan hanteer, en dit vir die speler se ontwikkeling voordelig geag word.
2. Die speler en haar / sy ouers skriftelik daartoe instem.
3. Die speler se spelpeil soveel beter is as die senior speler wat vervang word dat dit die prestasie van die span sonder twyfel sal verbeter.
4. Die skoolhoof 'n skriftelike kennisname vanaf die afrigter ontvang en dit goedkeur voordat die speler tot die span verkies word. Die skoolhoof sal die sporthoofde in die geval van enige twyfel raadpleeg.

Addisioneel tot die vyf punte hierbo genoem, is die volgende van toepassing op die verskillende sportkodes ten opsigte van ouderdomme:

Atletiek en landlope:

Vir hierdie sportsoorte neem 'n atleet meestal slegs in sy/haar betrokke ouderdomsgroep deel. 'n Atleet mag wel in 'n hoër ouderdomsgroep aan 'n item deelneem indien daar nie so 'n item in sy eie ouderdomsgroep tydens 'n spesifieke byeenkoms aangebied word nie.

Swem:

Hier word in drie ouderdomsgroepe meegeding, naamlik O/14-, O/16-, O/19-seuns en -dogters. 'n Swemspan bestaan uit 'n minimum van vier swemmers per ouderdomsgroep en geslag (vier swemmers in 'n aflos), dus in totaal uit ten minste 24 swemmers. Ouderdomsgroepe beskik nie altyd oor vier swemmers nie, sodoende kan 'n hele ouderdomsgroep per geslag nie deelneem nie of aangevul word met jonger swemmers. Die maksimum lede van 'n swemspan is onbeperk.

Algemene reëls vir alle skole, oor ouderdomme, is dieselfde:

- Swemmers moet verkieslik in sy/haar ouderdomsgroep deelneem, soos sy/haar ouderdom op die 1ste Januarie van die spesifieke jaar;
- Klubswemmers swem volgens hul ouderdom van die dag;
- O/14-swemmers is in hul eie span, O/16-spanne bestaan uit O/15- en O/16-swemmers en die O/19-spanne bestaan uit O/17-, O/18-, en O/19-swemmers;
- Swemmers mag wel gekies word vir ouderdomsgroepe hoër as sy/haar eie, indien omstandighede dit vereis. (d.w.s 'n O/16-dogter mag O/19 swem);
- Swemmers mag slegs in een ouderdomsgroep by 'n gala deelneem. (bv O/16-swemmers mag nie by dieselfde gala lid wees van die O/19-aflosspan nie, tensy al die individuele items van die gala as ope-items geswem word); dit hang van die spesifieke gala se reëlins af.

Krieket:

Indien 'n afrigter voel dat 'n junior speler goed genoeg en emosioneel gereed is, mag hy in aanmerking kom om vir die skool se eerste krieketspan te speel.

Die volgende geld dan:

- Die speler mag dan slegs die O/19A-span (eerstespan) verteenwoordig en nie 'n ander O/19-span nie, of terselfdertyd die O/15-span nie;
- Indien hy nie vir die eerstespan speel nie, mag hy weer in aanmerking kom vir die O/15A-span;
- Die ouers van so 'n O/15-speler moet skriftelik toestemming gee dat die speler die eerstespan mag verteenwoordig;
- Die speler oefen dus by die groep waar hy die komende wedstryd speel tot die afrigter hom anders wil aanwend.

Tennis:

Aangesien daar geen ouderdomsgroeperings vir tennis is nie, word die tennisspanne volgens meriete gekies.

Skaak:

Tydens die skaakoefeninge speel die leerders teen mekaar om te bepaal wie die beste spelers is. Daarvolgens word die rangorde vasgestel om te bepaal wie op bord 1, 2, ensovoorts gaan speel. Gewoonlik is dit 'n senior speler wat op bord 1 speel.

Toutrek:

In toutrek gaan dit oor gewig van die individu en uiteindelik die span, en nie noodwendig ouderdom nie. Dit is 'n somersport, d.w.s eerste en vierde kwartaal.

Die volgende vereistes word egter gestel:

- 'n Leerder moet die emosionele druk van die span, program en kompetisie kan hanteer;
- 'n Leerder moet probeer om alle oefeninge by te woon;
- 'n Leerder moet goeie selfdisipline aan die dag lê en gewillig wees om hard te oefen;
- Trekkers moet die hele seisoen beskikbaar wees, tot na afloop van die Nasionale byeenkoms wat die afsluiting van die Toutrekseisoen is.
- Graad 12-leerders word nie toegelaat om in die vierde kwartaal aan byeenkomste deel te neem nie.

Gholf:

Die gholfspanne by HS Swartland word volgens die betrokke speler (seun of dogter) se voorgee gekies.

Leerders moet skoolgaande ouderdom wees om te kwalifiseer om vir die skool te mag deelneem.

Geen leerders wat nie by HS Swartland ingeskryf is mag vir die skool se gholfspanne speel nie, tensy hy/sy voldoen aan die reëls van oor ouderdom soos in punt M in hierdie beleid uiteengesit.

Rugby:

Ouderdomsgroepe word streng volgens BOKSMART se voorskrifte gevolg. HS Swartland is hieraan onderworpe.

Netbal:

Enige ouderdom speelster mag vir die skool se eerstespan gekies word en moet dan hanteer word soos in hierdie beleid, d.w.s die ouers moet skriftelik toestemming verleen, sy moet wesenlik beter as die senior speler wees en dit moet skriftelik aan die skoolhoof deurgegee word. Dis die diskresie van die afrigter en kodehoof (of skoolgebonde persoon bv spanbestuurder), om jonger ouderdom spelers vir die eerstespan (A-span) te benoem.

Sodanige speelster mag dan net vir die eerstespan speel. Sy kan nie in haar eie ouderdomsgroep nog 'n wedstryd speel nie. Die res van die spelers in die span wie geraak word, moet deeglik ingelig word.

Die ander ouderdomsgroepe moet in hul eie ouderdom gekies word en speel.

Hokkie:

- Enige junior ouderdomsgroep speler word toegelaat om vir 'n seniorspan te speel, solank dit tot voordeel van die seniorspan is.

- Hierdie jonger ouderdomsgroep speler moet emosioneel en fisies sterk genoeg wees om in die seniorspan te funksioneer en mee te ding en 'n wesenlike verbetering teweeg bring.
- O/14-spelers mag oorweeg word vir 'n seniorspan, sowel as sy/haar eie O/14-span, maar moet by die bank / "bench" van die seniorspan begin;
- O/16-spelers mag nie vir die O/16-, sowel as die O/19-span speel nie. As die speler egter na die seniorspan opgetrek word, dan moet hy/sy daar speel, tensy hy/sy deur die afrigter uitgeskakel word.

By HS Swartland is die ontwikkeling van die speler hoë prioriteit en die individu se beste potensiaal moet ontgin word. As 'n speler die nodige vaardighede het, maar nie die emosionele en fisiese vermoë het om op 'n hoër vlak deel te neem nie, dan moet die beste besluit tot voordeel van die kind geneem word.

Junior spelers wat die potensiaal toon om in seniorspanne opgetrek te word, moet eers deur betrokke partye oordink, met die leerder bespreek en geëvalueer word.

S. Ontvangs van Besoekers

1. Die sportkode-organiseerder en indien moontlik, ook die afrigters en spanbestuurders, is verantwoordelik vir die ontvangs van besoekers.
2. Verversings word voor en/of gedurende die wedstryd aan die besoekende afrigters, spanbestuurders en personeellede voorsien soos deur die sportorganiseerder gereël.

T. Ouer-/ toeskouergedragskode

Alle ouers, vriende en besoekers:

- sal toegelaat word om in liefde, medeverantwoordelikheid vir die dissipline van die leerders van Hoërskool Swartland ten tye waar hul die skool verteenwoordig te aanvaar. Dit impliseer dat hul leerders mag tereg wys op hul netheid, maniere, gedrag en voorkoms, sonder om enige vorm van konfrontasie te ontlok;
- sal toegelaat sal word om buite skoolverband, enige leerder wie Hoërskool Swartland se naam in oneer bring, aan te spreek, of aan die skool te rapporteer;
- sal altyd onthou dat hul 'n verlengstuk van Hoërskool Swartland is en dat hul gedrag daarom 'n impak sal hê op die manier hoe mense oor Hoërskool Swartland dink en praat.
- sal daarna streef om ware ambassadeurs vir Hoërskool Swartland te wees wat in woord en daad 'n voorbeeld stel wat ons leerders te alle tye kan navolg;
- sal daaraan herinner word dat ons kinders in hul vormingsjare maklik beïnvloedbaar is en daarom ouers se optrede gebruik as voorbeeld om hul eie dade te regverdig;
- sal altyd die groter prentjie in gedagte sal hou wanneer hul voel dat hul kind benadeel is t.o.v.

spankeuses, die uitvoering van dissipline of in die assessering van akademiese verpligtinge en dat die korrekte manier om genoemde probleem aan te spreek, die relevante toepaslike persoon in beheer van die aktiwiteit is;

- sal hul weerhou om Hoërskool Swartland te benadeel deur gerugte te versprei, deel te vorm van bespiegeling rakende die skool of bloot deel te vorm van skinderveldtogte;
- sal onthou hul openbare optrede word direk met Hoërskool Swartland geassosieer en daarom versigtig sal omgaan met die gebruik van alkohol, hul sal weerhou van die gebruik van kru-taal en hul absoluut sal weerhou van enige vorm van geweld om konflik aan te spreek;
- sal hul weerhou van nydige kritiek teen skeidsregters en onder geen omstandighede skeidsregters na wedstryde sal konfronteer rakende hul objektiwiteit, partydigheid of foute nie. Dat sulke aangeleenthede eerder deur bestaande strukture bevraagteken sal word;
- sal hulle nie inmeng met die kies van spanne nie en ook nie sal aandring op voorkeurbehandeling nie, ten einde elke kind 'n regverdige kans te bied;
- sal praat as daar dinge is wat hinder, seermaak of as negatief ervaar word, deur middel van bestaande strukture (beheerliggaam, skoolbestuurspan, sporthoofde, graadhoofde, akademiese hoofde, koshuisvader, ouerkomitees, ouervergaderings, terreinbestuurder, ens.);
- sal altyd strewe om in die beste belang van die skool op te tree;
- sal altyd met eerlikheid optree en sal strewe om vertroue te bou;
- sal lojaliteit en integriteit in alle optrede openbaar;
- sal wedersydse begrip vir alle betrokke rolspelers toon;
- sal mede-eienaarskap van die bestuur van die Hoërskool Swartland aanvaar met outoriteit, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid;
- sal wedersydse respek aan almal betrokke by Hoërskool Swartland betoon;
- sal bereid wees om uit die verlede te leer en op die toekoms te bou;
- sal op sukses fokus en met begrip na ons mislukkings kyk;
- sal konsensieus en konsekwent in al hul optredes wees;
- sal na eenstemmigheid streef deur samesprekings en vergaderings by te woon;
- sal aanvaar dat jou stilswe in vergaderings vertolk word as instemmigheid tot voorstelle;


- sal aanvaar dat sou jy nie met die meerderheidsbesluit saamstem nie, dan berus jy by die besluit. Dit geld ook vir die afwesigheid tydens 'n vergadering;
- sal fokus op die probleem en nie die persoon nie;
- sal vergaderingsprotokol eerbiedig;
- sal begrip toon vir en ondersteuning bied aan verskillende leierskaprolle;
- sal bereidwillig verklaar om verskille uit te sorteer met die relevante, betrokke persone;
- sal daarna strewer om leiers ingelig te hou van verwikkelinge wat 'n impak op die skool mag hê.


Wees deel van die oplossing en nie die probleem nie!

Beleids wysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hoërskool Swartland OP HIERDIE 17^{de} DAG VAN Junie 2026 .


 Beheerliggaamvoorsitter


 Skoolhoof

Sien ADDENDUM A - Vrywaringsvorm



ADDENDUM A: VRYWARING / TOESTEMMING VIR NIE-HOËRSKOOLO SWARTLAND LEERDER

Leerder naam en van: _____

Geboortedatum: _____

1. Ek, ouer / voog, gee hiermee toestemming dat genoemde leerder aan die kurrikulum en buitemuurse aktiwiteite van die skool mag deelneem en verwante uitstappies mag meemaak, met sy / haar mediese geskiedenis in ag genome.
2. Ek vrywaar hiermee, onderhewig aan die uitsondering in paragraaf 4 hieronder vermeld en onderhewig aan verdere voorwaardes vermeld, die Skoolhoof van die skool, Beheerliggaam van die skool, WKOD, toesighoudende onderwyser asook die bestuurder van die voertuig teen enige eis om skadevergoeding ten opsigte van enige ongeluk of besering wat bogenoemde kind mag opdoen of enige skade of verlies, van watter aard ook al, wat ek of die voormelde kind mag ly.
3. Hierdie vrywaring sal geld ten opsigte van enige kamp, toer en/of uitstappie waar bus- of enige vervoer ter sprake is, wat my gemelde kind mag meemaak. Hierdie vrywaring sal ook van krag bly solank my voormelde kind 'n buite-leerder by die skool is.
4. Hierdie vrywaring sal slegs geld in gevalle:
 - a. waar die skool geen dekking geniet ingevolge die skool se bestaande versekeringspolis nie;
 - b. waar die skool se versekeraars enige eis ingevolge die bestaande versekeringspolis geldelik mag weier;
 - c. waar die bedrag van enige eis wat ek mag hê die bedrag van die versekeringsperk ingevolge die skool se versekeringspolis mag oorskry en in sodanige geval slegs tot die mate waarin my eis die bedrag van die versekeringsperk aldus oorskry.
5. Die voormelde vrywaring sal nie geld ten opsigte van die toesighoudende onderwyser of die bestuurder van die voertuig indien die besering wat die kind mag opdoen of die skade of verlies wat ek mag ly, sou voortspruit uit enige opsetlike of roekelose optrede van die toesighoudende onderwyser of bestuurder van die voertuig nie of indien sodanige besering of verlies of skade sou voortspruit uit die bestuur van die motorvoertuig of die optrede van die toesighoudende onderwyser terwyl enigeen van die gemelde toesighoudende onderwyser of bestuurder van die motorvoertuig onder die invloed van alkohol of enige verdowingsmiddel is nie.
6. Indien ek nie gekontak kan word nie, plaas ek die Skoolhoof of sy gedelegeerde *in loco parentis*, indien mediese / chirurgiese behandeling vir die leerder nodig mag wees.
7. Verder gee ek toestemming daartoe dat skoolverwante fotos van my kind(ers) en/of prestasies van hom/haar/hulle op sosiale media platforms en/of gedrukte media, sowel as oor TV- en/of radio-uitsendings geplaas en/of gebruik mag word.

Geteken te op hierdie dag van 20.....

Handtekening van ouer / voog

Handtekening van tweede ouer / voog (indien van toepassing)